

DIE BELASTINGHANTERING VAN VOORSIENINGS MET DIE VERKOOP VAN 'N BESIGHEID AS 'N LOPENDE SAAK

Madeleine Stiglingh

Departement Rekeningkunde

Universiteit van Pretoria

1. 1NLEIDING

Die verkoop van 'n besigheid as 'n lopende saak behels die verkoop van sommige of al die bates van 'n maatskappy en daarmee saam word sommige of al die laste van die maatskappy ook na die nuwe eienaar oorgedra. Sodanige laste kan onder meer sekere voorsienings insluit. Die belastinghantering van sodanige voorsienings is nie spesifiek in die Inkomstebelastingwet, no 58 van 1962 (hierna die Wet) aangespreek nie en tans heers daar onsekerheid oor die korrekte belastingimplikasies daarvan. In hierdie opsig moet net eers daarop gelet word dat hierdie studie met die oordrag van bates en laste handel, in teenstelling met die geval waar die aandeelhouding van die maatskappy, waarbinne die besigheid bedryf word, verkoop word. Duidelik in laasgenoemde geval sal die belastinggevolge, geassosieer met voorsienings, nie noodwendig beïnvloed word nie. Dit is egter waar om te sê dat voorsienings noodwendig 'n rol sal speel by die bepaling van die koopprys van die aandele.

Volgens Mergers and acquisitions (1989:4) behoort die hoofdoel van elke verkryging te wees om die welvaart van die koper self of die aandeelhouders van die kopermaatskappy oor die langtermyn te verhoog. Die koper sal derhalwe slegs verkies om 'n belang in 'n entiteit te koop wat die inkomste genererende bates besit, eerder as die bates self, indien daar bykomende voordele aan daardie entiteit kleef wat hy kan benut. Uit bogemelde stelling vloei dit dus voort dat een van die hoofredes waarom 'n koper die bates van die verkoper sal wil koop, sal wees omrede daar geen voordeel daarin vir hom geleë is om die doelwitmaatskappy (of ander tipe entiteit) as sodanig te bekom nie.

Die doel van hierdie studie is om die huidige belastingwetgewing en regspraak te ontleed en om vas te stel wat die korrekte belastinghantering van voorsienings vir beide die koper en die verkoper is met die verkoop van 'n besigheid as 'n lopende saak. Die studie sal slegs die Inkomstebelastingaspekte ondersoek.

Om die doel te bereik gaan voorsienings as sulks eers ontleed word, daarna gaan die belastingposisie ten opsigte van die voorsienings in beide die hande van die koper en verkoper bestudeer word.

2. REKENINGKUNDIGE VS BELASTINGHANTERING VAN VOORSIENINGS

2.1 Inleiding

Die belastingimplikasies van voorsienings is heel anders as in die geval van die rekeningkundige hantering daarvan. In die saak *Platt v CIR 1922 AD, 42, 7 SATC 75* het die regter beweer dat indien 'n onkoste vir rekeningkundige doeleindes aftrekbaar is, dit nie noodwendig aftrekbaar vir belastingdoeleindes is nie.

2.2 Rekeningkundige hantering van voorsienings

'n Voorsiening is 'n rekeningkundige las en volgens RE 000 moet 'n las aan die volgende vereistes voldoen:

- huidige verpligting;
- wat ontstaan het as gevolg van gebeure in die verlede; en

wat die uitvloei van ekonomiese voordele in die toekoms tot gevolg sal hê.

Vorster, Joubert, Koen en Koornhof (1999:22) stel dit dat die kenmerkendste eienskap van laste is dat dit 'n huidige verpligting vir die bepaalde entiteit daarstel. Hierdie verpligting kan regtens afdwingbaar wees of dit kan voortspruit uit gewone sakepraktyk. 'n Voorsiening is dus nie noodwendig 'n regtens afdwingbare las van die maatskappy nie. 'n Rekeningkundige voorsiening word soms ook gemaak om aan die omsigtigheids- of die paringsbegrip in terme van RE 101 te voldoen. In terme van die omsigtigheidsbegrip word vir alle bekende verpligtinge (uitgawes en verliese) voorsiening gemaak, ongeag of die bedrag met sekerheid bekend is en of dit slegs die beste raming is wat aan die hand van die beskikbare inligting gedoen kon word

(RE 101.07).

Bylae 4 van die Maatskappywet no. 61 van 1973, soos gewysig, definieer in paragraaf 4(1) 'n voorsiening en daar word duidelik onderskeid getref tussen 'n bedrag afgeskryf of teruggehou by wyse van voorsiening-

- (1) vir depresiasie, hernuwings of vermindering in waarde van 'n bate; of
- (2) vir 'n bekende aanspreeklikheid waarvan die bedrag nie met redelike juistheid bepaal kan word nie.

'n Voorsiening kom gewoonlik tot stand deur die betrokke voorsieningsrekening in die Balansstaat te krediteer en 'n uitgawe in die Inkomstestaar te debiteer. 'n Rekeningkundige voorsiening het dus gewoonlik tot gevolg dat die netto inkomste voor belasting vir 'n betrokke jaar verminder.

2.3 Belastinghantering van voorsienings

Artikel 11(a) van die Wet vereis dat 'n uitgawe werklik aangegaan moet wees alvorens 'n uitgawe vir belasting geëis kan word. Die betekenis van werklik aangegaan word dus gevolglik ontleed om die aftrekbaarheid van voorsienings te beoordeel:

2.3.1 Letterlike betekenis van "werklik aangegaan"

Die beginsel "werklik aangegaan" soos vervat in artikel 11(a) van die inkomstebelastingwet word nie omskryf nie en daarom word dit aan die hof oorgelaat om dit te interpreteer. Een van die grondbeginsels by die uitleg van wette is dat woorde volgens hulle gewone betekenis in grammatikale verband vertolk moet word (Meyerowitz 1999:3-4). Hierdie beginsel word gereflekteer in die volgende twee aanhalings uit Engelse hofsake wat deur die Suid-Afrikaanse hof erken is. Die eerste beslissing is die van Lord Cairns in **Partington v Attorney-General** L R 4 HL 100 122:

"If the person sought to be taxed comes within the letter of the law, he must be taxed, however great the hardship may appear to the judicial mind to be. in other words, if there be an equitable construction, certainly such a construction is not admissible in a

taxing statute".

Die tweede aanhaling kom uit 'n beslissing van Rowlett J in **Cape Brandy Syndicate v IRC** 1 KB 64 71, wat bevestig is deur Simon VC in **Canadian Eagle Oil Company Ltd v The King** AC 199 140:

"... in a taxing Act one has to look merely at what is clearly said. There is no equity about a tax. There is no presumption as to a tax. Nothing is to be read in, nothing is to be implied. One can only look fairly at the language used."

Werklik word deur Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booyesen (1997:1277) omskryf as "*regtig inderdaad*". Die engelse word vir werklik is "actual" en dit is as volg omskryf:

- (1) *"real, existing in fact and now as opposed to an imaginary or past state of things"* (W & R Chambers Ltd & Macdonald 1953:7);
- (2) *"real, true, certain, absolute"*(Pansegrouw 1991:9);
- (3) *"existing, now or as a fact, real effectual"* (Irvine 1977:10); and
- (4) *"existing in fact, real, present, current"* (Fowler & Fowler 1964:14).

Opsommerderwys beteken "werklik aangegaan" letterlik dus 'n onkoste regtig en inderdaad aangegaan is.

2.3.2 Juridiese betekenis van "werklik aangegaan"

Die frase "werklik aangegaan" was al telke male getoets in ons howe en in **Nasionale Pers v KBI** 1986 (3) SA 549 (a), 48 SATC 55, het appelregter Hoexter beslis dat onkoste en uitgawes slegs kwalifiseer vir 'n aftrekking, wanneer die belastingpligtige 'n absolute en onvoorwaardelike verpligting het aan die einde van die betrokke jaar van aanslag om daardie onkoste te betaal. Die feit dat dit nie op jaareind fisies betaal is nie, speel nie bier 'n rol nie.

In die saak van **Edgars Stores Ltd v CIR** 1988 (3) SA 876 (A), 50 SATC 81 het appèlregter Corbett verder ook die volgende gesê in sy meerderheidsbeslissing:

"... It is, of course, important in this contexts to distinguish between (i) expenditure in respect of which the obligation is conditional and remains so during the year of assessment, and (ii) expenditure in respect of which the obligation is or during the year becomes unconditional, but cannot be quantified until after the termination of the year of assessment..."

2.3.3 Artikel 23(e)

Artikel 11(a) moet altyd saamgelees word met artikel 23 (De Koker & Urquhart 1998:10-3). Artikel 23(e) van die Wet verbied die aftrekking van inkomste wat na 'n reserwefonds oorgedra of op die een of ander wyse gekapitaliseer is. Dus word enige voorsiening vir voorwaardelike uitgawes nie as 'n belastingaftrekking toegelaat nie (**Payot Ltd v CIR B 1945 AD 128, 13 SATC 121**).

2.3.4 Gevolgtrekking ten opsigte van "werklik aangegaan"

Daar moet dus onderskei word tussen 'n uitgawe wat reeds werklik aangegaan is en nog net nie betaal is op jaareinde nie, al is die omvang daarvan geskat, en 'n uitgawe wat nog nie werklik aangegaan is op jaareinde nie, maar nog net voorsien is. Eersgenoemde is aftrekbaar in terme van artikel 11(a) en sal hierna 'n belastingaftrekbare voorsiening genoem word, waar laasgenoemde nie sal kwalifiseer vir enige belastingaftrekking in die huidige jaar nie en dit sal hierna 'n nie-belastingaftrekbare voorsiening genoem word. Indien 'n belastingvoorsiening wel later werklik aangegaan word, sal sodanige uitgawe kwalifiseer as 'n belastingaftrekking.

'n Voorbeeld van 'n belastingaftrekbare voorsiening is 'n bonusvoorsiening waar die dienskontrakte van die werknemer voorsiening maak dat 'n proporsionele gedeelte van 'n bonus aan die werknemer uitbetaal sou word indien by op enige stadium die diens van die maatskappy sou verlaat.

'n Voorbeeld van 'n nie-belastingaftrekbare voorsiening is in **Nasionale Pers v K131 1986 (3) SA 549 (a), 48 SATC 55** gevind waar die belastingpligtige gepoog het om 'n voorsiening wat ten opsigte van die personeelbonusse gemaak is, af te trek. Hierdie bonusse was slegs aan die werknemers betaalbaar indien hulle op 'n sekere tyd na die

jaareinde nog steeds in diens van die belastingpligtige was. Die hof het beslis dat die betaling van die bonusse van 'n toekomstige gebeurtenis afhanklik was en dat die onkoste derhalwe nie werklik aangegaan was nie. Indien die betaling voorwaardelik is, word die onkoste eers werklik aangegaan wanneer daar aan die voorwaarde voldoen is.

2.4 Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik dat die rekeningkundige- en belastinghantering van voorsienings nie noodwendig dieselfde is nie. 'n Uitgawe wat rekeningkundig voorsien is in die Inkomstestaat, is dus *nie* noodwendig vir belastingdoeleindes aftrekbaar nie. Meyerowitz, Meyerowitz en Davis (1986:194) spreek die mening uit dat alhoewel dit omsigtig is om vir rekeningkundige doeleindes voorsiening te maak vir pro rata uitgawes wat na verwagting in die volgende finansiële jaar betaal sal word, slegs sodanige uitgawes waarvoor daar 'n onvoorwaardelike aanspreeklikheid bestaan in die belastingjaar, aftrekbaar is vir belastingdoeleindes.

Dit word ook duidelik gestel deur appèlregter Botha JA in **Caltex Oil (SA) Ltd v CIR** 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1:

"... The court is only concerned with deductions permissible according to the language of the income Tax Act and not debits made in the taxpayer's books of account for deduction even though considered proper from an accountant's point of view ...".

3. BELASTINGHANTERING VAN VOORSIENING IN DIE HANDE VAN DIE VERKOPER

3.1 Inleiding

Die verkoper kan op verskillende wyses sy besigheid as 'n lopende saak verkoop, maar al die wyses het tot gevolg dat sommige of al die bates en laste van die verkoper oorgedra word na die koper.

Volgens Diedericks (1997:50) moet die voorsienings wat oorgedra word afsonderlik geëvalueer word vir aftrekbaarheid deur beide die verkoper *en* die koper. Olivier (1998:4) stel dit dat die regsraad van die koopkontrak eers ontleed moet word alvorens

die belastingimplikasies bepaal kan word.

Elke verkoop van 'n lopende saak gaan gewoonlik gepaard met 'n koopkontrak. Hierdie kontrak kan verskillende regsforme aanneem. Die eerste opsie is dat die koper fisies die verkoper betaal vir alle bates en dat die verkoper die koper betaal vir die feit dat sy verpligtinge oorgeneem word (Diedericks 1997:85). Tweedens kan die kontrak dit duidelik stel dat *die* bates vir 'n spesifieke bedrag gekoop word en dat die laste teen 'n spesifieke vergoeding oorgeneem word. Die twee bedrae word dan teen mekaar verreken en slegs die netto bedrag word deur die koper aan die verkoper betaal (Olivier 1998:4). Die mees waarskynlikste opsie is dat die ooreenkoms nie vir een van die eerste twee opsies voorsiening maak nie, maar dat daar word bloot op 'n netto batewaarde van die besigheid gewerk word om die koopprys te bepaal (Du Plessis 1993:63).

Volgens (Olivier 1998:4) kan daar geargumenteer word dat dat die derde opsie geensins eintlik verskillend is van die eerste twee opsies nie, aangesien die aanvaarding van 'n laer koopprys impliseer dat die verkoper van die koopprys moes inboet as gevolg van die teenwoordigheid van die laste wat ook deur die koper oorgeneem is.

Die risiko met laasgenoemde metode is dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens dalk ander waardes mag toewys aan die bates en laste (wat ook die voorsienings insluit) as wat die ongeskrewe bedoeling van die onderskeie partye was.

Die Wet bevat nie spesifieke bepalings rakende die verdeling van die koopsom by die koop van 'n onderneming as 'n lopende saak nie. Daar moet derhalwe op regspraak gesteun word om hierdie aspek meer toe te lig. In 1938 is die eerste uitspraak in hierdie verband gelewer in die saak van **Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT** 1938 AD 9 SATC 363. Hierdie uitspraak is opgevolg deur **CIR v NIKO** 1940 AD 416 11 SATC 124 wat die mees gesaghebbende uitspraak in hierdie verband is. In hierdie saak is beslis dat, ten spyte van die feit dat voorraad tesame met die ander besigheidsbates as 'n lopende saak in geheel verkoop is, die opbrengs op *die* voorraad steeds by die belasbare inkomste van die belaspligtige getel moes word omrede dit realisasie was wat bewerkstellig is deur die kapitaal van die onderneming aan te wend met die doel om 'n wins te maak. Die Kommissaris het self 'n toedeling van

die verkoopprijs gemaak am die gedeelte wat betrekking het op die voorraad te bepaal.

Uit bogenoemde volg dit dus dat alhoewel al drie die opsies vir die strukturering van 'n koopkontrak wesenlik dieselfde bereik, die laaste opsie die aftrekbaarheid van sekere voorsienings nadelig of voordelig sal kan beïnvloed aangesien die Kommissaris ander bedrae daaraan kan toewys as wat die stilswyende bedoeling van die betrokke partye was en dan rus die onus op die belastingpligtige om sy bedoeling te bewys.

Al maak die kontrak egter spesifiek voorsiening vir vasgestelde betalings vir die oorneem van sekere voorsienings, moet die betastingaftrekbaarheid hiervan ondersoek word.

In paragraaf 2.3 is die aftrekbaarheid van gewone voorsienings in die beoefening van 'n bedryf ondersoek. Die resultaat was dat voorsienings onderskei kon word tussen belastingaftrekbare voorsienings en nie-belastingaftrekbare voorsienings.

3.2 Belastingaftrekbare voorsienings

'n Belastingaftrekbare voorsiening is daardie verpligting wat reeds op 'n gegewe stadium onvoorwaardelik is, maar die datum van betaling is net uitgestel. Dus kan die verkoper op 'n gegewe stadium reeds die voorsienings as 'n belastingaftrekking kry as gevolg van die onvoorwaardelike aard daarvan. Indien die verkoper op datum van verkoop 'n belastingaftrekbare voorsiening oordra aan die koper, behoort die bedrag wat so betaal word dus nie weer as 'n belastingaftrekking te kwalifiseer nie.

Voorbeeld

ABC Beperk se jaareinde is 31 Desember en in terme van hulle dienskontrakte is hulle werknemers op 'n pro-rata gedeelte van hulle bonusse geregtig met diensbeëindiging. Bonusse word op 30 Junie elke jaar uitbetaal.

Vir die jaareinde 31 Desember 1998 het die maatskappy 'n voorsiening gemaak van R100 000 vir die pro-rata gedeelte van die bonusse deur hulle verskuldig op 31 Desember 1998 (tydperk 1 Julie 1998 tot 31 Desember 1998). Hierdie voorsiening kwalifiseer as 'n belastingaftrekbare voorsiening en die volle R100 000 is dus in 1998 vir belasting geëis.

ABC Beperk het op 31 Maart 1999 hulle besigheid as 'n lopende saak verkoop aan DEF Beperk. ABC Beperk het ook al sy laste op daardie stadium oorgedra aan DEF Beperk. 'n Bonusvoorsiening van R150 000 is dus oorgedra na DEF Beperk.

ABC Beperk het R100 000 van die voorsiening afgetrek in 1998 en in die 1999 jaar sal by weer R50 000 kan aftrek as 'n uitgawe onvoorwaardelik aangegaan. Die volle R150 000 is dus aftrekbaar vir ABC Beperk ongeag of betaling daarvan al plaasgevind het.

ABC Beperk "betaal" egter nou vir DEF Beperk om sy verpligting oor te neem en hierdie koste sal nie weer as 'n belastingaftrekking kwalifiseer nie, aangesien artikel 23B bepaal dat 'n aftrekking nie meer as een keer by die vasstelling van 'n persoon se belasbare inkomste toegestaan kan word nie.

3.2 Nie-belastingaftrekbare voorsienings (uitgesluit verlofvoorsiening)

'n Nie-belastingaftrekbare voorsiening is 'n voorsiening wat gemaak word vir 'n voorwaardelike verpligting in die toekoms. 'n Bekende voorbeeld hiervan is onder andere ook 'n waarborgvoorsiening. 'n Motorhandelaar verkoop byvoorbeeld motors, maar waarborg enige deffekte aan die motor vir 'n tydperk van een jaar. Daar word dan op jaareinde 'n voorsiening gemaak gebaseer op die waarborgeise van die verlede en ander relevante faktore. Die voorsiening is voorwaardelik, want die motor moet eers werklik deffek raak alvorens enige koste deur die maatskappy opgeloopt kan word. Dit is dus slegs 'n potensiële aanspreeklikheid wat die maatskappy het. Die potensiële aanspreeklikheid is nie belastingaftrekbaar nie. Sodra die uitgawes werklik aangegaan word op 'n latere stadium sal die uitgawes wel as 'n belastingaftrekking kwalifiseer. Daar moet dus nou ontleed word of die "betaling" deur die verkoper aan die koper om sy voorwaardelike aanspreeklikhede oor te neem wat aanleiding gee tot 'n belastingaftrekking.

'n Uitgawe is slegs vir belasting aftrekbaar indien dit voldoen aan die algemene aftrekkingsformule soos uiteengesit in artikel 11(a) of indien die Wet 'n spesifieke aftrekking in die verband bevat (Vorster, Coetsee & Jordaan 1998:10-3).

Behalwe vir die uitgawe in verband met verlofvoorsiening, is daar geen spesifieke aftrekking wat die aftrekbaarheid van voorsienings reguleer nie. Daar moet dus

teruggeval word op die algemene aftrekkingsformule. Artikel 11(a) bepaal dat:

“By die vasstelling van die belasbare inkomste deur 'n persoon verkry uit die beoefening van 'n bedryf in die Republiek, word daar as aftrekkings van so n persoon se aldus verkreë inkomste toegelaat-

(a) onkoste en verliese werklik aangegaan in die Republiek by die voortbrenging van inkomste, nie van 'n kapitale aard.’:

Die volgende vereistes moet dus almal aan voldoen word alvorens 'n uitgawe vir belasting as 'n aftrekking sal kwalifiseer (Arendse, Jordaan, Kofitz & Stein 1999:85):

- (1) die beoefening van 'n bedryf;
- (2) onkoste en verliese;
- (3) werklik aangegaan;
- (4) in die Republiek;
- (5) gedurende die jaar van aanslag;
- (6) by die voortbrenging van inkomste;
- (7) en nie van n kapitale aard nie.

Van die vereistes genoem blyk slegs drie problematies te wees, naamlik (1), (3) en (6).

(1) Die beoefening van 'n bedryf

Alvorens 'n aftrekking vir belasting verkry kan word moet 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen. As ons aanneem dat die verkoper wel voor die verkoop van sy besigheid as 'n lopende saak 'n bedryf beoefen het, is dit net nodig om te bepaal of die uitgawes aangegaan met die verkoop van 'n besigheid as 'n lopende saak ook deel van die beoefening van 'n bedryf vorm.

Olivier (1998:4) stel dit daar geargumenteer kan word dat die "betaling" gemaak aan

die koper om die verpligtinge van die verkoper oor te neem nie in die beoefening van 'n bedryf gemaak word nie, maar eerder in die loop van die beëindiging van die bedryf. 'n Teenargument kan egter wees dat die "betaling" wel in die beoefening van 'n bedryf gemaak is, aangesien die verpligting opgeloop is terwyl die bedryf nog beoefen is (Olivier 1998:5).

As 'n algemene reël kan 'n belastingpligtige nie enige uitgawes eis nadat by gestaak het met sy bedrywighede nie (**ITC 490 SATC 72**). Hierdie saak het gegaan oor 'n belastingpligtige wat 'n bedryf wat in die vorm van 'n hotel beoefen was, gestaak het. Daar was egter nog 'n onverstreke gedeelte van die huurooreenkoms.en die belastingpligtige het gepoog om sy huuruitgawes nadat sy bedryf gestaak was, vir belastingdoefeindes of te trek.

Ook in **ITC 411 10 SATC 238** is bevind dat rente uitgawes wat aangegaan is ten opsigte van 'n verbandlening op 'n plaas in die jare nadat die boerderybedrywighede beëindig is, nie aftrekbaar is vir belasting nie.

In beide die sake van **AB v COT 1 SATC 77** en **L v COT 1 SATC 75** is beslis dat die opbrengste met die realisasie van voorraad tydens likwidasië van 'n onderneming van 'n inkomste aard is, sodat enige wins wat uit die verkoop van voorraad realiseer, belasbaar sal wees en enige verlies by realisasie daarvan, aftrekbaar sou wees.

Daar is in **ITC 729 18 SATC 96** beslis dat indien uitgawes verband hou met 'n verpligting wat aanvaar is terwyl die bedryf steeds beoefen is, is die uitgawebelasting aftrekbaar selfs indien dit aangegaan is nadat die bedryf gestaak is.

In 'n Rhodesiese saak is bepaal dat indien uitgawes aftrekbaar is terwyl 'n belastingpligtige 'n sekere bedryf beoefen, die aard van die uitgawes nie nie-aftrekbaar word slegs uit hoofde van die feit dat die belastingpligtige sy bedrywighede staak nie. Bogenoemde sal slegs geld indien die uitgawes verband hou met aktiwiteite voordat die belastingpligtige sy bedrywighede gestaak het (**ITC 1029 1963 26 SATC 54; ITC 1013 25 SATC 321; ITC 815 20 SATC 487**).

Die uitsprake van die hof is nie konsekwent om te bepaal of uitgawes wat verband hou met bedryfsaktiwiteite nadat bedrywighede gestaak is, aftrekbaar is vir

belastingdoeleindes nie. De Koker (1997:7-51) sê egter die volgende in die verband:

“...it would appear that the general principle in operation is that an expenditure incurred under an obligation assumed – in the production of income and wholly and exclusively for the purposes of the trade conducted in that business – during the course of its existence will continue to be deductible despite the cessation of that business.”

Skrywer is van mening dat daar onderskei moet word tussen eerstens uitgawes soos rente en huur wat vir 'n spesifieke tydperk oploop, maar waarvoor die verpligting om te betaal ontstaan het met die beoefening van 'n bedryf en tweedens verpligtinge wat aanvaar is voordat die bedryf gestaak is, maar wat eers realiseer nadat die bedryf gestaak is. In die eerste geval moet huur of rente betaal word omdat daar 'n huurkontrak of skuld aangegaan is tydens die beoefening van die bedryf. Die huurkontrak kon gekanselleer word (moontlik met 'n bedrag betaalbaar vir die kansellering) en die skuld kon vereffen word met die beëindiging van die bedryf. Die uitgawes loop op met tydsverloop en hou nie as sulks verband met verpligtinge wat aanvaar is tydens die beoefening van die bedryf nie (Chait & Chambers 1996:A-17). 'n Waarborgvoorsiening aan die ander kant is 'n direkte gevolg van 'n verkope transaksie wat voltrek is tydens die beoefening van die bedryf. Dus is die waarborgplig aanvaar tydens die beoefening van die bedryf en behoort die latere aangaan van waarborgkoste wel aftrekbaar vir belasting te wees.

'n Proporsionele bonusvoorsiening of 'n waarborgvoorsiening is duidelik verpligtinge wat aanvaar is terwyl die bedryf steeds beoefen is, dus behoort nie-aftrekbare voorsienings wanneer dit deur die verkoper aan die koper oorgedra word, aan hierdie bedryfsvereiste te voldoen.

(2) Werklik aangegaan

Die begrip is reeds kortliks ontleed in paragraaf 2.3 om te bepaal wanneer 'n uitgawe kwalifiseer as "werklik aangegaan". Wat nou van belang is, is om te ondersoek of die "betaling" deur die verkoper aan die koper om sy verpligtinge oor te neem by nie-belastingaftrekbare voorsienings sal kwalifiseer as "werklik aangegaan".

In **ITC 380** 9 SATC 347 het Nathan JA die volgende opmerking gemaak:

"expenditure actually incurred" seem to mean

- (a) money actually paid out, of
- (b) money which a trader is legally liable to pay".

In die hofsaak is dus gevind dat betaling ook aanleiding gee daartoe dat die uitgawe "werklik aangegaan" is. Hierdie beginsel is ook bevestig in **ITC 542** 13 SATC 116. In **Caltex Oil (SA) Ltd v CIR** 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1 het die hof beslis dat dit slegs nodig is waar die betaling in 'n latere jaar plaasvind om na die aanspreeklikheid te kyk om te bepaal of die onkoste werklik aangegaan is. Waar die onkoste in dieselfde jaar betaal was, was daar na die betaling gekyk om te bepaal of die onkoste "werklik aangegaan" was.

In **ITC 1444** 51 SATC 35 het die hof beslis dat insoverre as wat betalings onderhewig was aan die teenprestasie van 'n ander party, daar nie in die betrokke jaar van aanslag 'n absolute en onvoorwaardelike verpligting was en dat die aftrekking nie ingevolge artikel 11(a) geëis kon word nie.

Williams (1996:216) voer aan dat wanneer 'n belastingpligtige 'n kontraktuele aanspreeklikheid het met betrekking tot uitgawes wat afhanklik van die teenprestasie van 'n ander party is, die belastingpligtige nie die onkoste werklik aangegaan het totdat die verpligting onvoorwaardelik word deur die ander party se teenprestasie.

De Koker (1997:7-55) stel dit dat vooruitbetaalde uitgawes vir belasting aftrekbaar behoort te wees ongeag die feit dat dit verband hou met toekomstige verpligtinge.

Uit bogenoemde word afgelei dat wanneer 'n onkoste betaal is, dit vir belasting afgetrek kan word tensy dit terugbetaalbaar is of afhanklik is van die teenprestasie deur 'n derde party. Wanneer daar 'n kontraktuele aanspreeklikheid vir die uitgawe opgeloop is, is dit "werklik aangegaan" en dus aftrekbaar vir belasting. Wanneer 'n belastingpligtige vrywillig 'n vooruitbetaling maak vir goedere wat nog afgelewer moet word of vir rente waarvoor die tydperk nog nie opgeloop het nie, kan dit nie as 'n belastingaftrekking geëis word nie aangesien dit onderhewig is aan die prestasie van 'n derde party. Indien die goedere nooit afgelewer word nie, kan die belastingpligtige sy betaling terugeis of indien die uitstaande skuld betaal word voordat die tydperk

waarvoor rente betaal is verstreke is, kan die onverstreke gedeelte teruggeëis word.

Met die verkoop van 'n besigheid as 'n lopende saak, kom die partye kontraktueel ooreen dat die verkoper sy verpligtinge aan die koper oordra teen 'n ooreengekome vergoeding. Die nie-belastingaftrekbare voorsienings wat kontraktueel vanaf die verkoper na die koper oorgedra word voldoen dus aan die vereiste van werklik aangegaan.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat onkoste slegs as 'n aftrekking toegestaan sal word tot die mate waarin die belastingpligtige op jaareinde 'n wetlike verpligting het om te betaal.

(5) By die voortbrenging van inkomste

Olivier (1998:4) stel dit dat daar 'n argument is om te redeneer dat die "betaling" gemaak aan die koper nie in die voortbrenging van inkomste vir die verkoper is nie, maar dat dit ten doel het om die verkoper van enige moontlike toekomstige verpligtinge te onthef.

In die saak van **SIR v Kempton Furnishers (Pty) Ltd** 1974 3 SA 36 A 36 SATC 67 is die belastingpligtige toegelaat om slegte skulde as 'n aftrekking te eis ingevolge artikel 11(i) van die Wet al was die belastingpligtige se besigheid op die stadium reeds verkoop.

Diedericks (1997:65) is van mening dat die verkoper steeds die aftrekking behoort te kry vir nie-belastingaftrekbare voorsienings, al is die besigheid reeds verkoop by tye dat die verpligting onvoorwaardelik word, indien daar bewys kan word dat daar 'n kousale verband bestaan tussen die onkoste en die inkomstegenererende bedryf.

'n Ander aspek wat hier in gedagte gehou moet word, is die saak van **Sub-Nigel Ltd v CIR** 1948 AD 15 SATC 381, waar die beginsel vasgelê is dat dit nie nodig is om eers inkomste te verdien, alvorens die onkoste sal kwalifiseer as 'n aftrekking nie. Die handeling moet aangegaan word met die doel om inkomste te verdien, al word die inkomste eers in toekomstige jare verdien.

'n Bedrag wat in een jaar van aanslag betaal word, maar wat verband hou met inkomste wat reeds in 'n vorige jaar van aanslag verdien is, sal nie kwalifiseer as 'n

belastingaftrekking nie indien daar geen regsplig op die belastingpligtige is om die betaling te maak nie (De Koker 1997:7-19).

Daar kan dus afgelei word dat 'n belastingpligtige wel vir 'n aftrekking sal kwalifiseer indien hy in latere jare uitgawes aangaan wat verband hou met inkomste wat hy voorheen verdien het, indien hy 'n regsplig het om die uitgawes aan te gaan. In die Praktijk word dit ook veral toegepas met die betaling van waarborgse.

3.3 Verlofvoorsiening

Waar die ander nie-belastingaftrekbare voorsienings se aftrekbaarheid in terme van artikel 11(a) bepaal is, is artikel 23E ingevoeg deur artikel 19(1) van Wet No. 113 van 1993 en reguleer die artikel die aftrekbaarheid van verlofvoorsienings. Artikel 23E(2) lees as volg:

"By die toepassing van hierdie Wet waar as gevolg van enige verlof waarop 'n werknemer van die belastingpligtige geregtig geword het gedurende 'n jaar van aanslag van die belastingpligtige eindigende op of na 1 Januarie 1994, die belastingpligtige aanspreeklik geword het om 'n bedrag verlofgeld te betaal

(a) word die belastingpligtige geag nie onkoste aan te gegaan het nie ten opsigte van bedoelde verlofgeld totdat dit werklik deur hom betaal word of deur hom verskuldig en betaalbaar geword het;

(b) en word bedoelde verlofgeld geag toe te vat aan die betrokke werknemer op die datum waarop bedoelde onkoste geag word aangegaan te gewees het deur die belastingpligtige."

Die primêre taak van die artikel was om twee reëls neer te lê, naamlik een vir die werkgever en 'n ander vir die werknemer (De Koker 1997:8-177). Die reëls is gekoppel aan mekaar en die een het 'n direkte gevolg op die ander. Die belastingpligtige verkry 'n aftrekking wanneer die verlof werklik deur hom betaal is of verskuldig en betaalbaar geword het. Terselfdertyd moet die werknemer belas word

op die bedrag wat die belastingpligtige as 'n aftrekking kry.

Dit is problematies met die verkoop van 'n besigheid as 'n lopende saak, want alhoewel die verkoper die koper "betaal" om sy verlofvoorsiening oor te neem, verkry die werknemer geen addisionele voordeel op daardie stadium nie en kan die werknemer dus nie belas word op enige bedrag nie. Neem byvoorbeeld die situasie waar 'n werknemer slegs 15 dae verlof 'n jaar het en die volle 15 dae slegs in Desember neem. In die middel van die jaar verkoop die werkgever sy besigheid as 'n lopende saak en hierby ingesluit is 'n proporsionele verlofvoorsiening vir die 7,5 dae verlof wat die werknemer nog nie geneem het nie. Die werkgever (verkoper) "betaal" die koper om hierdie potensiële aanspreeklikheid oor te neem, maar die werknemer verkry geen voordeel in kontant nie. Die werknemer wil ook geen voordeel in kontant hê nie, aangesien die volle verlof in dae geneem gaan word in Desember. Die werknemer kan dus op niks belas word nie.

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat die verkoper moontlik geen aftrekking kan kry vir 'n betaling van 'n verlofvoorsiening alvorens die werknemer dit insluit by sy belasbare inkomste nie. Hierdie is 'n problematiese situasie en in praktyk moeilik om toe te pas aangesien die die verkoper geen kennis het van wanneer enige verlofbetalings die werknemer toeval nie.

3.4 Gevolgtrekking

'n Verkoper is altyd geregtig om belastingaftrekbare voorsienings vir belasting af te trek, ongeag of hy sy besigheid as 'n lopende saak verkoop of nie. Die belastingaftrekbaarheid van nie-belastingaftrekbare voorsienings, uitgesluit verlof, word in terme van artikel 11(a) tesame met artikel 23 gereguleer: 'n Aftrekking kan slegs verkry word indien aan al die betrokke vereistes van die artikels voldoen word. 'n "Betaling" gemaak vanaf 'n verkoper na 'n koper om 'n nie-belastingaftrekbare voorsiening oor te neem voldoen aan al die neergelegde vereistes en behoort dus as 'n aftrekking vir belastingdoeleindes te kwalifiseer.

Die aftrekking van verlofvoorsienings word in terme van artikel 23E gereguleer en dit is meer problematies aangesien die tydstip van aftrekbaarheid vir die verkoper gekoppel word met die tydstip waarop die betrokke bedrae by die belasbare inkomste van die werknemer ingesluit word. Op die stadium wat die "betaling" vanaf die

verkoper aan die koper gemaak word, behoort die verkoper dus geen aftrekking vir belastingdoeleindes te kry nie. Die latere aftrekking van enige bedrae is nog onseker.

4. DIE BELASTINGHANTERING VAN DIE VERKRYGING VAN VOORSIENINGS IN DIE HANDE VAN DIE KOPER

Noudat daar duidelikheid verkry is aangaande die belastinghantering in die hande van die verkoper is tog ook nodig om die posisie van die koper te ondersoek. Die koper ontvang die "betaling" vanaf die verkoper en gaan dan later sekere uitgawes aan. Die belasbaarheid van die "betaling" ontvang word eerstens ondersoek en daarna sal die aftrekbaarheid van enige uitgawes bepaal word.

4.1 Belasbaarheid van die "betaling" ontvang

Diedericks (1997:100) stel dit dat die kans baie groot is dat die Kommissaris hierdie sogenaamde "betaling" van die verkoper aan die koper om sy verpligtinge oor te neem as deel van die koper se bruto inkomste sal beskou. Dit sal volgens haar ook moontlik wees om 'n artikel 24C vermindering teen hierdie toevalling te eis. Bogenoemde stelling word is ook bevestig deur Olivier (1998:5).

Skrywer is van mening dat hierdie situasie nie so klinklaar is as wat voorgegee word nie. 'n Bedrag is slegs belasbaar indien dit voldoen aan al die elemente van die bruto inkomste definisie voldoen of indien daar vir 'n spesifieke insluiting in die Wet voorsiening gemaak is.

Die Wet maak geen voorsiening vir 'n spesifieke insluiting nie en daar moet dus teruggeval word op die bruto inkomste definisie soos uiteengesit in artikel 1 van die Wet. Die definisie bepaal dat:

- (1) daar 'n bedrag moet wees;
- (2) wat ontvang is of toegeval het aan die belastingpligtige;
- (3) gedurende die jaar van aanslag;
- (4) van 'n bron of geag van 'n bron in die Republiek; en
- (5) uitgesluit enige ontvangstes of toevallings van 'n kapitale aard.

'n "Betaling" deur die koper ontvang behoort duidelik aan (1), (3) en (4) te voldoen, afhange van die omstandighede. Die twee elemente wat dus onseker is, is nommers (2) en (5). Vir 'n bedrag om belasbaar te wees moet aan al vyf die elemente voldoen word (Arendse, et al 1999: 11).

4.1.1 wat ontvang is of toegeval het aan die belastingpligtige

Vir 'n bedrag om belasbaar te wees moes dit aan die belastingpligte toegeval het of deur hom ontvang gewees het. Die ontvangste of toevalling moet namens homself en tot sy eie voordeel wees (**Geldenhuis v CIR** 14 SATC 419; **SIR v Smant** 1973 1 SA 754 A 35 SATC 1).

Uit bogenoemde word afgelei dat indien 'n koper 'n gewone krediteur ten opsigte van voorraad oorneem by die verkoper, ontvang die koper ook 'n "betaling" hetsy direk of indirek by wyse van die vermindering van die koopsom. Hierdie "betaling" is duidelik nie tot die koper se eie voordeel of namens homself ontvang nie. Die koper het 'n plig om die krediteur met hierdie geld te betaal. Dieselfde situasie behoort te geld by 'n belastingaftrekbare voorsiening wat reeds onvoorwaardelik deur die verkoper aangegaan is. Daar behoort geen onderskeid tussen sodanige voorsiening en die ander gewone krediteure te wees nie.

In die geval van nie-belastingaftrekbare voorsienings is dit nodig om te bepaal of die ontvangste wel tot die koper se eie voordeel en namens homself ontvang is. Die koper het 'n "betaling" ontvang om 'n voorwaardelike aanspreeklikheid van die verkoper oor te neem. Die kontrak kan eerstens bepaal dat die koper alle bedrae wat nie werklik opgeloop het nie, aan die verkoper moet terugbetaal. In hierdie geval is dit duidelik dat die bedrag nooit namens die koper self of tot sy eie voordeel ontvang is nie. Tweedens kan die koper in terme van die kontrak die reg hê om enige surplusse wat nie uitbetaal is nie, vir sy eie rekening te hou. Dus het die koper in hierdie geval 'n potensiële aanspreeklikheid en enige bedrae nie uitbetaal nie is tot sy eie voordeel en namens homself ontvang.

In terme van 'n trustakte het die vader van kinders sekere bedrae ontvang en het hy die plig gehad om hierdie bedrae vir die onderhoud en opleiding van sy kinders te spandeer. Enige surplus wat nie spandeer is nie, was vir die vader se eie rekening en die hof het bevind dat die volle bedrag in die hande van die vader belasbaar was (ITC

417 10 SATC 264).

Dit volg dus dat belastingaftrekbare voorsienings nie tot die koper se eie voordeel en namens homself ontvang is nie. Nie-belastingaftrekbare voorsienings wat nog net voorwaardelik is en waar die koper die surplus vir sy eie rekening kan hou, word wel geag om deur die koper tot sy eie voordeel en namens homself ontvang te wees.

4.1.2 uitgesluit enige ontvangstes of toevallings van 'n kapitale aard

'n Bedrag ontvang of toegeval wat van 'n kapitale aard is, is nie belasbaar nie en 'n nie-kapitale ontvangste is gewoonlik wel belasbaar. Daar is geen definisie in die Wet van wat bedoel word met die "kapitale aard" van 'n ontvangste nie, maar die kwessie is al deurgetrap in die howe (Vorster 1998:5-3).

'n Toevallige wins is van 'n kapitale aard en val buite die omvang van die bruto inkomste definisie (De Koker 1997:3-3).

In **ITC 1543** 54 SATC 446 is bevind dat daar 'n verskil is tussen die blote realisasie van 'n bate en die verkoop van 'n bate in die loop of ter bevordering van 'n besigheid of om betrokke te wees in 'n skema van winsbejag. Wanneer daar 'n skema van winsbejag is, behoort die opbrengs van 'n nie-kapitale aard te wees.

Om te bepaal of die opbrengste wat verkry is met die verkoop van 'n bate van 'n inkomste of kapitale aard is mag 'n hof die aard van die ontvangste sowel as die aard van die belastingpligtige se beroep of bedryf in ag neem (**Crowe v CIR** 1930 AD 122 4 SATC 133; **Lace property Mines Ltd v CIR** 1938 AD 267 SATC 349; ITC 1343 44 SATC 11).

In De Koker (1997:3-56) word die aangeleentheid aangespreek waar debiteure by die verkoper oorgekoop word en die volgende word in die verband gesê:

"What often occurs in practice is that a person buys a business as a going concern and, in terms of the agreement, is required to buy the debts owing to the seller. If a greater amount is collected than was paid for the debts, the profit is not taxable, being in the nature of capital. Here the debts are not acquired for the express purposes of deriving a profit on their collection. They are bought as part and parcel of the business acquired as a going concern and not for the purpose of carrying out a scheme of profit-making."

Daar word dus afgelei dat die surplus "betaling" wat die koper oorhou nadat voorwaardelike verpligtinge vereffen is, 'n toevallige wins verteenwoordig. Verder was dit nooit die koper se bedoeling om in 'n skema van winsbejag betrokke te wees nie en hou die maak van winste met die betaling van krediteure normaalweg nie deel uit van die bedrywighede van die koper nie. "Betalings" ontvang ten opsigte van nie-belastingaftrekbare voorsienings oorgeneem vanaf die verkoper behoort dus as van 'n kapitale aard te kwalifiseer.

4.1.3 Gevolgtrekking

"Betalings" ontvang ten opsigte van belastingaftrekbare en nie-belastingaftrekbare voorsienings is nie belasbaar in die hande van die koper nie. Belastingaftrekbare voorsienings verteenwoordig nie 'n ontvangste of toevalling nie en nie-belastingaftrekbare voorsienings verteenwoordig 'n ontvangste en toevalling van 'n kapitale aard wat dus nie belasbaar is nie.

4.2 Aftrekbaarheid van die betaling van latere uitgawes teen die voorsiening

Die aftrekbaarheid van 'n bedrag vir belasting is volledig in paragrawe 2.3 en 3.2 ondersoek. Vir 'n bedrag om te kwalifiseer as belastingaftrekking moet dit aan sekere vereistes voldoen. Die vereiste wat hier problematies kan wees is dat 'n uitgawe in die voortbrenging van inkomste meet wees.

Vir beide belastingaftrekbare en nie-belastingaftrekbare voorsienings voorsien die skrywer dat hierdie vereiste nie aan voldoen word nie. 'n Paar afsonderlike voorsienings word ondersoek om die aftrekbaarheid daarvan te bepaal.

(1) Bonus- en verlofvoorsiening

'n Bonusbetaling word gewoonlik in terme van 'n dienskontrak gedoen en volgens Olivier (1998:7) neem die koper die indiensnemingskontrakte oor en behoort die kontraktuele plig om bonusse te betaal as aftrekking te kwalifiseer as aftrekking ter voortbrenging van inkomste. Skrywer is egter van mening dat die 'n werknemer se bonus- en verlofgeregtigheid gewoonlik met tyd ooploop en dat die gedeelte wat verband hou met die tydperk voordat die koper die besigheid as 'n lopende saak oorgeneem het, nie kostes is wat aangegaan is ter voortbrenging van inkomste van die koper nie.

(2) Waarborgvoorsiening

Volgens Olivier (1998:10) word geargumenteer dat die uitgawes ten opsigte van die waarborgvoorsiening dalk wel aftrekbaar is aangesien dit uitgawes is wat nou verwant is aan die bedryfsaktiwiteite van die onderneming.

Skrywer is van mening dat die tipe uitgawes in verband met waarborge 'n tipe uitgawe is wat nou verwant is aan die koper se bedryfsaktiwiteite, maar die spesifieke koste vir die betaling van waarborge ten opsigte van inkomste wat aan die verkoper toegeval het, kan nie uitgawes wees wat ter voortbrenging van inkomste vir die koper aangegaan is nie. Hierdie sienswyse word ook ondersteun deur Diedericks (1997:108).

Uitgawes betaal teen die voorsienings wat oorgeneem is vanaf die verkoper behoort dus nie as 'n belastingaftrekking te kwalifiseer nie, aangesien dit nie 'n onkoste of verlies is wat aangegaan is in die voortbrenging van inkomste nie.

5. GEVOLGTREKKING

Voorsienings wat deur die koper oorgeneem word tydens aankoop van 'n besigheid as 'n lopende saak kan opgedeel word in belastingaftrekbare en nie-belastingaftrekbare voorsienings. In beide gevalle word veronderstel dat die verkoper die koper "betaal" vir die feit dat sy verpligtinge oorgeneem word.

By belastingaftrekbare voorsienings behoort die verkoper geen verdere belastingaftrekking met die "betaling" te verkry nie, aangesien by die verpligting reeds voorheen vir belastingdoeleindes kon aftrek. By nie-belastingaftrekbare voorsienings behoort die verkoper die bedrag "betaal" as 'n aftrekking vir belastingdoeleindes te

kry. Die belastingaftrekbaarheid van verlofvoorsiening deur die verkoper moet egter uitgestel word totdat die werknemer die bedrag ontvang en by sy belasbare inkomste insluit.

Vir beide befastingaftrekbare en nie-belastingaftrekbare voorsienings is die bedrag ontvang (of die verlaagde koopprys) vir die oorneem van die verpligting nie belasbaar in die hande van die verkoper nie, as synde 'n bedrag van 'n kapitale aard. Wanneer die verpligting betaal word, verkry die verkoper ook geen verdere belastingaftrekking nie, aangesien die uitgawe nie aangegaan is in die voortbrenging van inkomste nie. Indien die voorsiening gedeeltelik of in totaal teruggeskryf word na inkomste, is hierdie terugskrywing nie belasbaar.

Alhoewel skrywer gepoog het om tot 'n sinvolle gevolgtrekking te kom, is hierdie aangeleentheid nog nie in die howe getoets nie en bestaan daar verskillende praktyke wat tans deur belastingpligtiges in hierdie verband toegepas word.

BIBLIOGRAFIE

Chait, A.M., Chambers, I.A. 1996. *South African Revenue Services Income Tax Practice Manual*, Butterworths, Durban.

Danziger, E., Cronje, M. Red. 1998. *Belastinghandboek 1998-99*, Sesde uitgawe, Digma Publikasies (Edms) Bpk, Pretoria.

De Koker, A.P. 1997. *Silke on South African Income Tax*, Butterworth Publishers (Pty) Ltd, Durban.

De Koker, A P. & Urquhart, G.A.1998. *Income Tax in South Africa*, Butterworth Publishers (Pty) Ltd, Durban.

Du Plessis, B. 1993. *Belastingoorwegings by die koop en verkoop van besigheidsondernemings*, Pretoria: Ongepubliseerde M.Com skripsie.

Diedericks, N 1997. *Die belastinghantering van voorsienings by die verkoop van 'n besigheid as 'n lopende saak*, Pretoria: Ongepubliseerde M.Com skripsie.

Fowler, H.W. & Fowler, F.G. 1964. *The Concise Oxford Dictionary Of Current English*. Great Britain: Clarendon Press.

Mergers and Acquisitions. 1989. Johannesburg: Ongepubliseerde kursusmateriaal verskaf deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters.

Meyerowitz, D.S.C. 1998-1999. *Meyerowitz on Income Tax*, 1998-1999 Edition, The Taxpayer, Kaapstad.

Meyerowitz, P., Meyerowitz, D. & Davis, D.M. (red.) 1986. *Income tax deductions – expenditure actually incurred – annual bonuses payable to employees in employment at a date beyond the tax year*. *The taxpayer* 35(10)193-198.

Odendal, F.F., Schoonees, Swanepoel C.J., DuToit, S.J. & Booyen, C.M. 1981. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.

Olivier, L. 1998. *Tax treatment of the transfer of liabilities on the sale of a business*.

Johannesburg: Coopers & Lybrand.

Pansegrouw, L.L. 1991. *Crossword Dictionary*. Hatfield: Unibook Publishers.

Vorster, D.D., Coetzee, D. & Jordaan, K. 1998. *Inkomstebelasting in Suid-Afrika*, Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk, Durban.

Vorster, Q., Joubert, WA, Koen, M. & Koornhof, C. 1999. *Beskrywende Rekeningkunde*, Sewende Uitgawe, Juta & Kie Bpk, Kenwyn.

W & R Chambers Ltd & Macdonald, A.M. 1953. *Chambers's Etymological English Dictionary*. Great Britain: T & Constable Ltd.

Williams, R.C. 1996. *Income Tax in South Africa, Law and Practice*. 2nd Edition. Durban: Butterworths Publishers (Pty) Ltd.

Hofsake

AB v COT 1 SATC 77

Caltex Oil (SA) Ltd v SIR 1975 1 SA 665 A 37 SATC 1

Canadian Eagle Oil Company Ltd v The King AC 199 140

Cape Brandy Syndicate v IRC 1 KB 64 71

CIR v NIKO 1940 AD 416 11 SATC 124

Crowe v CIR 1930 AD 122 4 SATC 133

Edgars Stores Ltd v CIR 1988 3 SA 876 A 50 SATC 81

Geldenhuis v CIR 14 SATC 419

ITC 380 9 SATC 347 ITC 411 10 SATC 238

ITC 417 10 SATC 264

ITC 490 11 SATC 72

ITC 542 13 SATC 116

ITC 729 18 SATC 96

ITC 815 20 SATC 487

ITC 1013 25 SATC 321

ITC 1029 26 SATC 54

ITC 1343 44 SATC 11

ITC 1444 51 SATC 35

ITC 1543 54 SATC 446

L v COT 1 SATC 75

Lace property Mines Ltd v CIR 1938 AD 267 SATC 349

Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT 1938 AD 9 SATC 363

Nasionale Pers v KBI 1986 3 SA 549 48 SATC 55

Payot Ltd v CIR 1945 AD 128 13 SATC 121

Partington v Attorney-General L R 4 HL 100 122

Platt v CIR 1922 AD 42 7 SATC 75

SIR v Kempton Furnishers (Pty) Ltd 1974 3 SA 36 A 36 SATC 67

SIR v Smant 1973 1 SA 754 A 35 SATC 1

Sub-Nigel Ltd v CIR 1948 AD 15 SATC 381